



Liewe SUT Gemeenskap

Ons het bevestiging ontvang dat 'n SUT Bloemfontein-kampus personeellid positief getoets het vir COVID-19 (die koronavirus). Ons wens ons kollega alles van die beste toe vir hierdie self-isolasietydperk, asook 'n spoedige, en volkome herstel. Ons gee om vir u as ons SUT familie, en u bly in ons gedagtes en gebede.

Hierdie is die eerste bevestigde geval van COVID-19 by ons instelling. Die personeellid is tans in self-isolasie, en word behandel onder die toesig van die Vrystaatse Provinsiale Departement van Gesondheid. Hierdie departement het reeds begin om diegene te identifiseer wat in nabye kontak met die persoon was, en sodanige persone sal ook in self-isolasie geplaas word by hul onderskeie tuistes of verblyfplekke. Ons het die betrokke gebou gesluit vir sanitasie volgens die voorgeskrewe protokol. Die blootstelling van alle ander personeellede en studente van die universiteit word tans as 'n lae risiko beskou. Die universiteit het al die nodige voorsorgmaatreëls getref deur toe te sien dat ons fasiliteite ontsmet word, en veilig is.

Ons bevind onself in 'n vinnig veranderende en uiters uitdagende omgewing, en ons begryp ten volle dat die COVID-19 pandemie onsekerheid, angs en kommer wek op beide 'n persoonlike en institusionele vlak. Wees verseker dat die universiteit daartoe verbind is om binne ons vermoë 'n veilige omgewing vir ons personeel en studente wat tans op ons kampusse is, daar te stel.

Die SUT gemeenskap is daartoe verbind om in harmonie en eenheid saam te werk ten einde die verspreiding van die koronavirus te beperk. Die universiteit verbeter en dateer voortdurend ons Sakekontinuiteitsbeplanningsprosesse op, ten einde toe te sien dat ons voldoende strategieë in plek het om enige risiko's wat ons in die gesig mag staan, suksesvol te oorbrug. Die Bestuurskomitee (Mancom) en die SUT Insidentbestuurtaakspan (CUT-IMTT) rondom COVID-19, in samewerking met die Universiteit se Raad, georganiseerde vakbonde en die Studenteraad, is voortdurend in gesprek rondom die nuutste verwickelinge. Die SUT gemeenskap sal op hoogte gehou word rondom besluite wat geneem word. Bestuur werk ook nou saam met die Vrystaatse Provinsiale Regering deur PROVJOC om uitdagings wat verband hou met die pandemie, en wat 'n impak op die hoëronderwyssektor in die provinsie mag hê, aan te spreek.

U moet asseblief voortgaan om na u algemene welstand om te sien. Kontak die SUT inligtingswebwerf rondom die koronavirus by <https://www.cut.ac.za/coronavirus> vir meer inligting rondom gesondheidsprotokol, en riglyne hoe om uself, u gesin en geliefdes, vriende, kollegas en ons studente te beskerm. Pas asseblief ook alle gesondheidsprotokols wat deur ons nasionale owerhede en die Wêreldgesondheidsorganisasie in plek gestel is, asook die regulasies wat op ons kampusse geïmplementeer is, toe.

Die gesondheid en welstand van ons personeel en studente is ons hoogste prioriteit by SUT. Ons bly vol vertroue dat ons voortgesette maatreëls om sosiale afstande toe te pas, en gehoor te gee aan gesondheids- en veiligheidsprotokols, tans die "beste medisyne" is op hierdie tydstip van die pandemie, ten einde die verspreiding daarvan te beperk. Ons as 'n SUT span sal, in samewerking met ons mede-Suid-Afrikaners en die internasionale gemeenskap, hierdie krisis oorkom. Mag julle almal geseënd wees!

Prof. Henk de Jager

Visekanselier en Rektor